DAG 4

Geen lewe sonder water

Lees Jesaja 35:1-10.

Die woestyn en die dor land sal bly wees… (v. 1).

Elke lewende wese op aarde is afhanklik van water. Waar water vloei, is daar lewe en groei.

Soms word ons eie lewe ook dor en droog. Dan wil die Here wat ons liefhet 'n verkwikkende stroom van kabbelende skoon water deur ons lewe laat vloei. Daar is immers niks so erg soos droogte nie. Dit maak jou terneergedruk en pessimisties.

Wanneer die wolke saampak en die eerste druppels begin val, gebeur daar iets in die gemoedere van mens en dier. Die wêreld begin lewe. Dan reageer die hele skepping met dankbaarheid omdat water lewe is.

Die Here wil ook ons dorre lewe verkwik met die stroom van sy lewegewende water. Ons vind dit in die stroom beloftes wat vanuit sy Heilige Woord na ons toe kom. Ons moet Hom toelaat om die dor land van ons eie lewe te verkwik met die heil

van sy lewegewende water wat vir ons siel net heil kan beteken.

Here, laat strome van helende water seën in my lewe bring. Dankie, Here Jesus, dat U gekom het sodat ek lewe in oorvloed kan geniet.

Aantekeninge: